Assesseringsbeleid en Beleid t.o.v. Puntetoekenning Tydens Afwesighede.

1. Assessering : Graad 4 tot 7.

1.1 Kwartaaltoetse gedurende die 1 ste, 2 de, 3 de en 4 de kwartaal in elke leerarea.

1.2 Deurlopende assessering wat werkopdragte, take en klastoetse (voorbereid en onvoorbereid) insluit.

1.3 Skriftelike Assessering (Eksamen) gedurende die 2 de en 4 de kwartaal, slegs in Afrikaans, Engels, Wiskunde, Natuurwetenskap, Sosiale Wetenskap en Ekonomiese - en Bestuurswetenskap.

1.4 Leerwerk - Kwartaaltoetse.
Die werk waaroor leerders 'n kwartaaltoets gaan skryf, moet minstens 5 skooldae ('n week) voordat dit geskryf gaan word, skriftelik (hetsy d.m.v. 'n briefie aan elke leerder, óf op die swartbord in die opvoeder se klas, óf in opdrag van die opvoeder deur leerders in hul huiswerkboekies geskryf, óf op 'n kennisgewing-bord) aan die leerders gegee/verskaf word.

Bostaande reël geld nie vir klastoetse nie. Klastoetse mag selfs onvoorbereid geskryf word.

1.5 Leerwerk - Skriftelike Assessering (Eksamen).
Die werk waaroor leerders skriftelik geassesseer gaan word (eksamen oor gaan skryf), moet minstens 5 skooldae (een week) voor die aanvang van die eksamen, skriftelik (hetsy d.m.v. 'n briefie aan elke leerder, óf op die swartbord in die opvoeder se klas, óf in opdrag van die opvoeder deur leerders in hul huiswerkboekies geskryf, óf op 'n kennisgewingbord) aan die leerders gegee/verskaf word.

1.6 Huiswerk (Tuiswerk) , Werkopdragte, Take, Werkstukke en Expo-take.

1.6.1 Huiswerk (Tuiswerk).

Leerders ontvang op ‘n daaglikse basis huiswerk (tuiswerk). Hierdie werk word ook as assesseringspunte gebruik en kan leerders nie punte ontvang as werk nie gedoen is nie.

1.6.2 Werkopdragte, Take, Werkstukke en Expo-take.

1.6.2.1 Waar daar van leerders verwag word om navorsing te doen en meer as een A4 bladsy ingehandig moet word, moet die opvoeder die opdrag minstens 10 skooldae (2 weke) voor inhandiging, skriftelik, met opdragdatum en sperdatum, (sien 1.4 en 1.5) aan die leerders verskaf.

NB Die omvang van die opdrag moet altyd in ag geneem word.

1.6.2.2 Waar modelle gebou moet word, moet die opvoeder die opdrag minstens 5 skooldae (1 week) voor inhandiging, of voor die model by die skool gebou moet word, skriftelik (sien 1.4 en 1.5) aan die leerders gee/verskaf.

1.6.2.3 Expo-take.

Elke leerder in graad 6 en 7 is verplig om ‘n Expo-taak vir Natuurwetenskap te maak. Volledige riglyne word aan die begin van elke jaar aan elke leerder voorsien.

Die taak moet dan op die Maandag naaste aan die 20 ste Mei (óf soos in die riglyne aangedui word) voltooi wees. Reëlings word daarna daagliks met spesifieke leerders getref vir aanbieding in die klas.

Fichardtpark Primêre Skool bied dan aan die einde Mei / begin Junie ons eie Expo aan. Die beste Expo-take word daarna vir die Kovsie Expo Vir Jong Wetenskaplikes ingeskryf.

Wenk : Moedig leerders aan om reeds ‘n jaar voor die tyd aan hul Expo-take te begin werk.

2. Leerders afwesig gedurende die kwartaal.

‘n Leerder wat afwesig was, om watter rede ook al, weet watter periodes hy/sy gemis het. Dit is dus die leerder se verantwoordelikheid om sover as moontlik huiswerk by ‘n betroubare leerder te kry en in te haal. Sodra hy/sy weer by die skool terug is, moet hy/sy onmiddellik by elke opvoeder (nie by maats nie)

uitvind of die werk hy/sy gemis het, korrek ingehaal of voltooi is,
en of daar enige opdragte gegee is waarvan hy/sy kennis moet neem.

3. Leerders afwesig tydens kwartaaltoetse.

3.1 Afwesig tydens ‘n kwartaaltoets gedurende die 1 ste kwartaal :

‘n Leerder skryf die toets wat hy/sy gemis het, tydens die eerste periode dat hy/sy weer die klas van die spesifieke opvoeder wat die betrokke leerarea aanbied, bywoon.

Die leerder skryf dus die toets in klastyd, terwyl die opvoeder met die res van die leerders met akademiese werk voortgaan.

3.2 Afwesig tydens ‘n kwartaaltoets gedurende die 2 de, 3 de en 4 de kwartaal.

Volg dieselfde prosedure as tydens die 1 ste kwartaal.

4. Afwesig tydens klastoetse (voorbereid en/of onvoorbereid) :

(Slegs van toepassing indien die opvoeder die klas se punte vir daardie toets wil rekordeer.)

Verwerk die kwartaaltoets se punt na die toetspunt (bv. 24/30 → 8/10).
(Geen afronding : bv. 26/30 → 8/10).

5. Afwesig tydens die Skriftelike Assessering (Eksamen) van die 2de kwartaal.

Die gemiddeld van die 1 ste en 2 de kwartaal se kwartaaltoetse, vermenigvuldig met 0,9 (90%), afgerond tot die naaste heelgetal, tel as Assesseringspunt (Eksamenpunt).

6. Afwesig tydens die Skriftelike Assessering (Eksamen) van die 4 de kwartaal.

Die gemiddeld van die 4 kwartaaltoetse en die 2 de kwartaal se Skriftelike Assessering (Eksamen), tel as Assesseringspunt (Eksamenpunt).

7. Afwesig tydens inhandiging van Huiswerk (Tuiswerk), Werkopdragte, Take, Werkstukke en Expo-take.

Dit is elke leerder wat afwesig is (of afwesig was) se plig en verantwoordelikheid om die betrokke opvoeder in kennis te stel dat hy/sy (die leerder) nie die werk, a.g.v. (bv.) RO, óf Musiek, óf siekte, óf bywoning van ‘n begrafnis, kon inhandig nie. Die opvoeder en leerder sal dan ooreenkom wanneer die uitstaande werk ingehandig moet word.

Penalisasie, volgens voorskrifte van die opvoeder, vind plaas wanneer werk a.g.v. laksheid of onbenullighede laat, of geensins, ingehandig word.

8. Nuwe leerders : Leerders wat nie van die begin van ‘n jaar by ons skool was nie en afwesig is tydens enige vorm van assessering.

Die skool se beleid t.o.v. afwesigheid tydens assessering geld in alle opsigte vir nuwe leerders.

In gevalle waar daar nie vorige punte beskikbaar is nie, kan van die nuwe leerder se vorige skool se verslagkaart (rapport) gebruik gemaak word. Sou so ‘n verslagkaart (rapport) ontbreek, kan die opvoeder in oorleg met die leerareahoof en die skool se akademiese bestuurspan, punte aan die leerder toeken.